Haai, Francois!

'n Bietjie terugvoer …

Na aanleiding van die versoek van die sinode se kant dat gemeentes moontlik fasiliteite beskikbaar kan stel soos en wanneer nodig, die volgende:

CMR Ermelo is betrokke by 'n gemeenskapsprojek vir die versorging van haweloses in Ermelo, en deur die CMR ook NG Ermelo wat betrokke is by die voorsiening van 'n paar maaltye per week. Die projek word bestuur deur die plaaslike JOC (Joint Operations Commission). CMR, die Stadsraad, DSD (Department Social Development) en verskeie ander organisasies in die gemeenskap is deel hiervan.

As gevolg van hierdie verhouding wat tot stand gekom het, is NG Ermelo deur JOC genader vir tydelike bergplek vir die kospakkies wat tans landswyd deur die staat voorsien word. Die versoek was die pakkies slegs by ons geberg word, omdat ons kerk sentraal is, en dan deur die staat self na tientalle bestemmings tussen Davel en Swaziland versprei word.

So is voorrade vir 1900 kospakkies vir twee dae lank deur vragmotors vanoor die hele provinsie afgelewer: (na benadering) 19 ton mieliemeel, 10 ton suiker, 4 ton melkpoeier, 4000 liter olie, 15 ton aartapplels, 8 ton uie, 152 000 teesakkies, 6 000 blikkieskos, 200 000 kerse – en dis maar net die items wat ek kan onthou.

Hoewel die regering heelwat kritiek verduur oor die verspreiding van kospakkies, is dit duidelik dat hulle na die tafel toe gekom het. Hier was goeie beheer. Die pakkies is sorgvuldig deur die plaaslike DSD se maatskaplike werkers uitgetel, uitgestuur na voorafbepaalde adresse (dus kon geen toevallige verbygangers "score" nie), met deeglike verslaggewing deur die kanale tot by die betrokke minister onder die se toesig hierdie projek val.

NG Ermelo was slegs 'n skakel in die groot ketting – ons was slegs verantwoordelik vir die berging en beveiliging van die voorrade. En natuurlik moes ons (aflos)koster, Reg van der Merwe, tydig en ontydig oop- en toesluit – enige iets van 05:00 in die oggend tot 20:00 in die aand!